**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**OOS-KAAPSE AFDELING** **Saaknommer CA&R324/05**

***In die saak tussen***

**ALEX KHAYA SWARTS** **Appellant**

**en**

**DIE STAAT** **Respondent**

---

**UITSPRAAK**

---

**Froneman R.**

[1] Die appellant was saam met twee ander persone aangekla van moord en skending van 'n dooie liggaam voor Plasket R in hierdie afdeling. Die appellant en die tweede beskuldigde ('beskuldigde 2') is skuldig bevind op beide aanklagte en tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis op die moordklag en een jaar gevangenisstraf op die ander klag. Die derde beskuldigde ('beskuldigde 3') is onskuldig bevind. Verlof is op petisie aan die appellant verleen om teen die skuldigbevindings en vonnisse te appelleer na die volbank.

[2] Die staatsaak teen die beskuldigdes was dat hulle op die betrokke dag, 10 Oktober 2003, die oorledene by verskeie plekke en oor 'n lang tydperk aangerand het, as gevolg waarvan hy later die dag gesterf het, waarna sy liggaam aan die brand gesteek is. Op appèl voor ons is die feitelike bevindinge van die verhoorregter aangeval op hoofsaaklik drie gronde, naamlik (1) dat die getuienis van die getuie, mnr. Ntsikelelo

Ngqekeza, oor die toediening van 'n hou met 'n yster teen die oorledene se kop deur beskuldigde 2 in die teenwoordigheid van die appellant in laasgenoemde se huis teen die einde van die reeks aanrandings op die oorledene die betrokke dag, verkeerdelik aanvaar is as geloofwaardig; (2) dat die nadoodse bevinding van Dr. Dwyer dat die oorsaak van dood 'n skedelfraktuur veroorsaak deur stompgeweld tot die kop was, ook verkeerdelik deur die verhoorregter aanvaar is; en (3) dat die feite van die aanranding op die oorledene nie die afleiding regverdig dat die appellant met die gemeenskaplike opset om die oorledene te dood saam met beskuldigde 2 opgetree het nie.

[3] Verskeie getuies is deur die vervolging geroep om te getuig oor voorvalle van aanrandings op die oorledene wat deur hulle op verskillende plekke en tye gedurende die betrokke dag waargeneem is. In die lig van die relatief beperkte gronde waarop die verhooregter se bevindinge aangeval word, soos hierbo uiteengesit, is dit nie nodig om in besonderhede in te gaan op hierdie getuienis nie. Daar kan volstaan word deur te meld dat die oorledene blykbaar verdink is daarvan dat hy dwelmpille van die appellant en sy ondergeskikte, beskuldigde 2, gesteel het. Die appellant en beskuldigde 2, later ook in die teenwoordigheid van beskuldigde 3, wou van hom weet waar die dwelms is. Hy het aangedui dat die dwelms by 'n derde persoon gelaat is. Die gebeure van die dag, soos beskryf in getuienis, was 'n mosaïek van hoe die oorledene aangerand is in 'n volgehoue soektog van een plek na 'n ander om hierdie persoon, en die dwelms, te vind. Die uiteinde was dat die persoon wel uiteindelik gevind is, die dwelms skynbaar nie, en dat die oorledene nie die volgehoue aanranding op hom oorleef het nie.

[4] Die eerste twee gronde waarop die verhoorregter se uitspraak deur mnr. McConnachie, appellant se advokaat, op appèl aangeval word, hang nou saam. Die getuienis van mnr. Ntsikelelo Ngqekeza was dat hy die betrokke oggend saam met ene Taai Roberts na appellant se huis gegaan het om 'n dwelmpil te koop. Roberts het buite in sy motor gewag terwyl hy ingegaan het om die pil te koop. Die getuie het gesien dat beskuldigde 2 die oorledene teen die linkerkant van sy kop met 'n ysterpyp slaan waarna die oorledene op die grond neergesak het. Die appellant wat in die kamer teenwoordig was, het aan beskuldigde 2 gesê dat hy die oorledene se liggaam onder die bed moet instoot en dat hulle later 'n plan sal maak met die liggaam. Ngqekeza en Roberts het die voorval by die polisie gaan aanmeld, maar skynbaar as gevolg van gebrekkige mannekrag of vervoer het die polisie niks daaraan gedoen nie. Dokter Dwyer se getuienis van die hoofbesering wat die oorledene se dood veroorsaak het, pas netjies in by hierdie weergawe van gebeure.

[5] Eerstens is aangevoer dat Ngqekeza se getuienis oor die berig wat hy aan die polisie gegee het, teenstrydig was met die getuienis van inspekteur Visagie aan wie hy die voorval rapporteer het. Ngqekeza het getuig dat hy 'n moord aangegee het, terwyl Visagie getuig het dat 'n aanranding gerapporteer is. Die verhoorregter het hierdie beweerde teenstrydigheid as relatief onbelangrik geag in die lig daarvan dat dit vasgestaan het dat Ngqekeza en Roberts die voorval feitlik onmiddelik aangemeld het as synde 'n aanranding by die appellant se woonplek en dat Ngqekeza later 'n meer volledige verklaring afgelê het wat grootliks met sy getuienis van 'n doodshou ooreenstem. Na my oordeel kan daar min fout met hierdie benadering gevind word. Dit is uiters onwaarskynlik dat Ngqekeza die moeite sou doen om iets aan die polisie te rapporteer wat hy nie waargeneem het nie.

[6] Die verhoorregter het steun vir Ngqekeza se weergawe gevind in dr. Dwyer se getuienis oor die oorsaak van dood as synde 'n skedelfraktuur aan die linkerkant van die kop. Mnr. McConnachie het dr. Dwyer se getuienis aangeval op grond daarvan dat dit in stryd was met die geboekstaafde opinie van 'n erkende kenner en deskundige op die gebied, professor Shapiro. Hierdie kritiek is misplaas. Dr. Dwyer het geredelik die deskundigheid van professor Shapiro toegegee, asook die korrektheid van sy stelling dat verbranding gewoonlik aanleiding gee tot nadoodse skedelfrakture, maar hy het sy bevinding van 'n voordoodse fraktuur rasioneel en logies verduidelik en verdedig deur daarop te wys dat professor Shapiro se menings gegrond was op die aanname van verbranding ("charring") van die kop, terwyl in die onderhawige geval die oorledene se kop, of die linkerkant daarvan, nie sodanig verbrand was nie. Daar is niks op rekord waarop hierdie verduideliking as ongegrond afgemaak kan word nie. Na my oordeel het die verhoorregter tereg hierdie getuienis van dr. Dwyer as korrek aanvaar, asook dat dit die weergawe van Ngqekeza staaf.

[7] Die verhoorregter se verdere geloofwaardigheids- en feite-bevindinge is nie in besonder aangeval nie, na my mening tereg nie. Die implikasie van die appellant en beskuldigde se verweer was dat nieteenstaande die feit dat die oorledene gedurende die loop van die dag deur een of albei van hulle aangerand was, hy nogtans in sy swak toestand geslaag het om van die appellant se huis te ontsnap. Daarna is hy verder op een ander wyse dermate beseer dat dit sy dood tot gevolg gehad het. Op die koop toe is sy liggaam toe deur onbekende derdes verbrand. Die uiterste onwaarskynlikheid van hierdie weergawe spreek vanself en is op sigself genoegsame rede om die appellant se getuienis as nie redelik moontlik waar nie, te verwerp.

[8] Die derde aanval op die meriete van die skuldigbevinding was gegrond op die argument dat daar nie voldoende getuienis was om aan te dui dat die appellant hom sodanig met beskuldigde 2 se aksies vereenselwig het dat gesê kan word dat hy die gemeenskaplike opset gehad het om die oorledene te dood nie. Na my oordeel is daar nie meriete in hierdie betoog nie. Volgens die aanvaarde getuienis het die appellant oor 'n lang tydperk meegedoen aan die aanranding op die oorledene en op geen stadium enigiets gedoen wat daarop kan dui dat hy hom disassosieer het van die aanranding nie. Die oorledene se dood was duidelik voorsienbaar en die appellant se optrede dui duidelik daarop dat hy homself met daardie moontlike gevolg vereenselwig het. Die skuldigbevinding aan moord was dus korrek. So ook, op die basis van die enigste redelike afleiding wat gemaak kan word op grond van die omstandigheidsgetuienis ten opsigte van die verbranding van die oorledene se lyk, is die skuldigbevinding aan skending van 'n lyk.

[9] Wat oorbly is die vonnis. Ook hier het die verhoorregter al die faktore wat in die geskrewe hoofde van argument namens appellant hieroor ge-opper is, behoorlik oorweeg en bevind dat die statutêre norm ten opsigte van die moordklag, naamlik lewenslange gevangenisstraf, toepaslik is. Hy het geen wanvoorligting begaan in hierdie bevinding nie en daar is ook geen geldige rede om te bevind dat die vonnis andersins nie in ooreenstemming met die reg is nie.

[10] Die appèl word dus van die hand gewys.

J.C.Froneman

Regter van die Hooggeregshof.

Ek stem saam.

J.W.Jones

Regter van die Hooggeregshof.

Ek stem saam.

K.V.Matthee

Waarnemende Regter van die Hooggeregshof.